## BERGRIVIER MUNISIPALITEIT / MUNICIPALITY

**VISIE:**
**Bergrivier: 'n vooruitstrewende gemeenskap waar almal wil leef, werk, leer en speel op 'n menswaardige manier.**

**VISION:**
**Bergrivier: a prosperous community where all want to live, work, learn and play in a dignified manner.**

DEUS EST VITA

**KERN WAARDES / CORE VALUES**

**We are all part of Bergrivier Municipality.**
**We render good services to ensure dignified living to all.**
**We are unashamedly pro-poor.**
**We believe in close innovative partnerships.**
**We believe in social and economic development of our area.**
**We care about our work and our colleagues.**
**We are disciplined.**
**We believe in good relationships.**
**We serve with pride.**

---

**45% WATERBEPERKINGS \ 45% WATER RESTRICTIONS \ 45% UKUTSHATHWA KWAMANZI**



***Gebruik water spaarsaam. Elke druppel tel.***
***Use water sparingly. Every drop counts.***
***Ukusetyenziswa kwamanzi ngokukhawuleza, Wonke amanqaku okulahla.***

---

**NOTULE VAN DIE SPESIALE RAADSVERGADERING GEHOU OP WOENSDAG 23 MEI 2018 OM 14:00 IN DIE RAADSAAL, MUNISIPALE KANTORE, KERKSTRAAT, PIKETBERG**

**TEENWOORDIG**

**LEDE VAN DIE VIERDE MUNISIPALE RAAD**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Rdh. A de Vries | [DA] | : | Speaker |
| Rdd. SM Crafford | [DA] | : | Uitvoerende Onderburgemeester |
| Rdh. RM van Rooy | [DA] | | |
| Rdl. MA Wessels | [DA] | | |
| Rdl. J Daniels | [DA] | | |
| Rdl. AJ du Plooy | [DA] | | |
| Rdl. A Small (Me) | [DA] | | |
| Rdl. J Swart | [ANC] | | |
| Rdl. SS Lesch (Me) | [ANC] | | |
| Rdd. SIJ Smit | [ANC] | | |
| Rdh. SR Claassen | [ANC] | *(sluit aan om 14:10)* | |
| Rdl. BJ Claasen | [ANC] | | |

**AMPTENARE**

| | | |
|---|---|---|
| Adv. H Linde | : | Munisipale Bestuurder |
| Mnr. GJ Goliath | : | Direkteur Finansiële Dienste |
| Mnr. JWA Kotzee | : | Direkteur Korporatiewe Dienste |
| Mnr. H Kröhn | : | Direkteur Tegniese Dienste |
| Mnr. DA Josephus | : | Direkteur Gemeenskapsdienste |
| Mnr. AW Rheeder | : | Bestuurder: Administrasie |
| Mev. A van Sittert | : | Bestuurder: Strategiese Dienste |
| Mev. JS Erasmus | : | Interne Ouditeur |
| Mnr. NJ Scheepers | : | Hoof: Sekretariaat en Rekordbestuur |

***

**AKSIE**

**RVN001/05/2018**
**<u>OPENING EN VERWELKOMING</u>**

Die Hoof: Sekretariaat en Rekordbestuur open die vergadering met gebed, waarna die Speaker almal by die vergadering verwelkom.

'n Spesiale woord van verwelkoming word gerig aan die publiek en hooggeplaastes, te wete: Raadslid R Swartz: Speaker van Weskus Distriksmunisipaliteit en Agbare Chris Hunsinger: L.P. en DA Kiesafdelingshoof: Bergrivier.

***

**RVN002/05/2018**
**<u>AANSOEKE OM VERLOF TOT AFWESIGHEID</u>**
**[illegible]/1/4**

Die Speaker versoek dat Raadslede die Ordereëls sal gehoorsaam deurdat hul kennisgewing/s vir afwesigheid van Raadsvergaderings 24 uur voor die aanvang van die vergadering by hom ingedien moet word.

***

**RVN003/05/2018**
**<u>VERKLARING VAN BELANGE INGEVOLGE SKEDULES 1 & 2 (GEDRAGSKODE VIR RAADSLEDE EN AMPTENARE)</u>**
**3/3/1/6**

Alle Raadslede en Amptenare teenwoordig verklaar individueel dat hul geen persoonlike belange met betrekking tot die items op die agenda het nie.

***

**RVN004/05/2018**
**<u>BEKRAGTIGING VAN DIE NOTULE VAN VORIGE VERGADERING</u>**
**[illegible]/2/2**

Geen

***

**RVN005/05/2018**
**<u>IMPLEMENTERINGSVERSLAG VIR RAADSBESLUITE: TERUGVOERING VANAF MUNISIPALE BESTUURDER EN DIREKSIE RAKENDE DIE RAADSBESLUITE GENEEM TYDENS RAADSVERGADERING</u>**
**3/3/2/2**

Geen

***

**RVN006/05/2018**
**<u>SAKE VOORTSPRUITEND UIT VORIGE NOTULE</u>**
**3/3/1/5**

Geen

***

**RVN007/05/2018**
**VERKLARINGS / MEDEDELINGS DEUR DIE SPEAKER EN MUNISIPALE BESTUURDER**
**3/3/1/6**

Raadsdame Smit deel die Raad mee dat Porterville se 9 Karate-ka deelnemers by die afgelope Suid-Afrikaanse Karatekampioenskappe skoonskip gemaak het, deurdat die groep 11 goue medaljes, 3 silwer medaljes, 1 brons medalje en 1 skild verower het tesame met 'n wenner in die mans ope-afdeling.

Ten slotte bedank sy almal se ondersteuning en meld dat die gemeenskap van Porterville baie trots is op hul prestasie.

Die Speaker wens die groep namens die Raad baie geluk met hul uitsonderlike prestasies en spesifiek Mnr Reagan Forbes met sy uitsonderlike wen in die mans ope-afdeling.

***

**N008/05/2018**
**ONDERHOUDE MET AFVAARDIGINGS**
**3/3/1/5**

Geen

***

**RVN009/05/2018**
**EERSTE MOSIE: VERSOEK TOT DIE HOU VAN 'N SPESIALE RAADSVERGADERING**
**3/3/1/1, 3/3/1/2**

**KENNIS GENEEM**

***

**RVN010/05/2018**
**EERSTE DRINGENDE SAAK VANAF DIE MUNISIPALE BESTUURDER: BEDANKING AS UITVOERENDE BURGEMEESTER: RDH. EB MANUEL**
**9/1/2**
***(e bedankingsbrief van Raadsheer EB Manuel word ter tafel gelê – Bylae A)***

Die Speaker reël dat items RVN010 en RVN011 met die bespreking van die skrywe ontvang, gelyktydig hanteer sal word.

Op versoek van die Speaker lees die Munisipale Bestuurder die bedankingsbrief voor aan die vergadering, waarin Raadsheer EB Manuel met onmiddellike effek bedank as Uitvoerende Burgemeester van Bergrivier Munisipaliteit.

Sy bevestig dat die brief persoonlik deur Raadsheer Manuel aan haar oorhandig is op 23 Mei 2018 om 13:20.

Raadsheer EB Manuel bly egter aan as 'n raadslid van Bergrivier Munisipaliteit, soos vermeld in sy bedankingsbrief.

Uiteenlopende vrae/insette/kommentaar word gelewer deur die Raadslede rakende die bedanking van Raadsheer EB Manuel as Uitvoerende Burgemeester.

Ten slotte kondig die Speaker aan dat Raadsdame SM Crafford as Uitvoerende Burgemeester sal waarneem met onmiddellike effek, tot tyd en wyl die Raad 'n nuwe Uitvoerende Burgemeester verkies.

Raadsdame SM Crafford bevestig die volgende as waarnemende Uitvoerende Burgemeester:

- Dat die sake van die Raad voortgaan soos normaal;
- Dat die Raad se visie dieselfde bly; en
- Dat die Burgemeesterskomitee soos volg sal wees:
  - ✓ Raadsheer RM Van Rooy – Portefeulje Korporatief
  - ✓ Raadslid MA Wessels – Portefeulje Tegnies
  - ✓ Raadsdame SM Crafford – Portefeulje Finansies.

**BESLUIT**

1. Dat die Uitvoerende Onderburgemeester, Raadsdame SM Crafford waarneem as Uitvoerende Burgemeester, met onmiddellike effek totdat die Raad 'n nuwe Uitvoerende Burgemeester verkies; en

2. Dat die Raad kennis neem dat Raadsheer EB Manuel aanbly as 'n raadslid van Bergrivier Munisipaliteit.

***MUNISIPALE BESTUURDER***

***

**RVN011/05/2018**
**TWEEDE MOSIE: REMOVAL OF OFFICE: EXECUTIVE MAYOR**
**3/3/1/1, 3/3/1/2**

Die mosie val weg, aangesien die Uitvoerende Burgemeester bedank het.

***

**RVN012/05/2018**
**BESLUITE VIR KENNISNAME INGEVOLGE GEDELEGEERDE BEVOEGDHEID VAN UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE SE VERGADERING**
**3/2/1/3**

Geen

**RVN013/05/2018**
**WYKSKOMITEES: KENNISNAME / BESPREKING VAN VERSLAE EN NOTULES**
**3/2/1/3**

Geen

***

**RVN014/05/2018**
**IN-KOMITEE: AANBEVELINGS EN VERSLAE VOORGELÊ VIR OORWEGING DEUR DIE RAAD**
**3/2/1/3**

Geen

***

**RVN015/05/2018**
**BESLUITE INGEVOLGE GEDELEGEERDE BEVOEGDHEID EN ITEMS WAARVAN KENNIS GENEEM IS, TER INLIGTING VAN DIE RAAD**
**3/2/1/3**

Geen

***

***DIE VERGADERING VERDAAG OM 14:35***

***

*HIERMEE BEVESTIG EK DIE ONDERGETEKENDE DAT HIERDIE NOTULE SOOS BEKRAGTIG 'N WARE WEERGAWE IS VAN DIE VERRIGTINGE*

BERGRIVIER
26 JUN 2018
MUNICIPALITY / MUNISIPALITEIT

***VOORSITTER (SPEAKER)*** ***DATUM***

BYLAE A

23 Mei 2018

Kransstraat 11
PORTERVILLE
6810

VIR WIE DIT MAG AANGAAN

Hiermee wil ek, Evert Benhardus Manuel, met ID nommer 580816 5178 089, my onmiddellike bedanking as Uitvoerende Burgemeester van Bergrivier Munisipaliteit in skrif bevestig en indien. Ek bevestig dat my bedanking slegs is as Uitvoerende Burgemeester en nie as raadslid nie.

Ek bedank graag Bergrivier Munisipaliteit vir jare se goeie samewerking en prestasies. Mag dit met julle goed gaan in die toekoms. Alle sterkte!

**RAADSHEER EB MANUEL**

BERGRIVIER
2018 -05- 23
MUNICIPALITY/MUNISIPALITEIT

Erkenning van ontvangs 13:20